

Unisa Musiekteorie Graad 6 - 2015

Die Unisa Musiekteorie Graad 6 eksamen bestaan uit twee vraestelle naamlik 6.1 (Harmonie en Kontrapunt) en 6.2 (Vormmodelle en Musiekgeskiedenis).

- **Vraestel 6.1:** Die Kontrapunt sillabus het verander. Jy het nou Mignon Hodgson se **nuwe boek** “*Analise van J. S. Bach se Tweestemmige Vindings Nos.1 - 8*” ook nodig. Dit sal vanaf Februarie 2016 op hierdie webtuiste beskikbaar wees. Dit vervang *Tweestemmige werk*.

Jy het steeds die volgende twee boeke van Mignon Hodgson nodig, met veranderinge soos aangedui:

- “*Vierstemmige Harmonie Graad 6*”: Voeg *tussen-dominant leitoonakkoorde in grondposisie* by op bladsy 166 (’n Kort bylaag hieroor sal in Mei 2016 op ons webtuiste beskikbaar wees.)
 - “*Tweestemmige werk / Melodieleer Graad 6*”: Jy moet net die Melodie deel doen. Tweestemmige werk is goed om te weet, maar dis nie nodig vir die eksamen nie.
- **Vraestel 6.2:** Voeg die volgende bylaag by Dr. Annie Hugo se “Vormmodelle en Musiekgeskiedenis”:

BYLAAG - GRAAD 6.2 - 2015

Deur Dr. Annie Hugo

INHOUD

1. Baroktydperk - gelykswewende stemming
2. Klassieke tydperk - sonate en rondovorm (vyfdelige rondo, sewedelige rondo) en sonaterondo vorm. Beethoven se simfonieë nos. 3, 5 en 9
3. Romantiek - kenmerke van die Lied - Schubert
4. Twintigste eeu - definisies en voorbeelde van komposisies deur komponiste verteenwoordigend van elk van die verskillende musiekstyle.

2.

1. BAROKTYDPERK

Gelykswewende stemming

Gelykswewende stemming is 'n sisteem van stemming waar intervale afwyk van die 'suiwer' akoesties korrekte intervale van die Pythagoreïese sisteem en die 'juiste intonasie'. Die afwyking is noodsaaklik aangesien genoemde twee sisteme ontoereikend is vir die opeenvolgende invoeging van chromatiese note. Gelykswewende stemming is 'n musikale sisteem van stemming waarby alle aangrensende note dieselfde frekwensie verhouding het. 'n Gelykswewende stemming verdeel die oktaaf in twaalf gelyke halftone en staan ook bekend as die 'twaalftoon-gelykswewende temperament'.

In laasgenoemde is slegs die oktaaf akoesties suiwer. Die afwyking van die ander intervale is baie gering en die moderne oor is gewoond hieraan en die voordele oorskrei die nadele.

JS Bach het 48 preludes en fugas gekomponeer (Das Wohltemperierte Clavier) om die musikale moontlikhede van gelykswewende stemming te demonstreer. Dit bestaan uit twee bundels van 24 pare preludes en fugas met een prelude en een fuga vir elke majeur- en elke mineurtoonard, wat by C majeur begin en daarna chromaties opgaan (C-majeur, c mineur, C kruis majeur, c kruis mineur en so meer). Die titel van die werk dui op die gebruik van tempering (stemming), waarin alle toonaarde op die regte toonhoogte gespeel kan word. Dit was die eerste werk wat so 'n moontlikheid volledig weergegee het.

2. KLASSIEKEPERIODE

Beethoven - simfonie

Definisies

Simfonie

Die simfonie is 'n uitgebreide grootskaalse orkestrale komposisie in drie of vier bewegings. Die vorm is dieselfde as die van 'n sonate maar is gekomponeer vir 'n orkes. Ten minste een van die bewegings moet in sonatevorm wees. Dit kan dus gedefinieer word as 'n sonate vir orkes.

Sonatevorm

Sien p. 12 - 14

Rondovorm en Sonaterondo

Sien p. 18 - 20

3.

Vyf-delige en sewe-delige rondo

Die meeste rondo's toon 'n vyf- of sewe-delige vorm. Die vyf-delige rondo kan soos volg getabuleer word: A B A C A - die A verteenwoordig die hoof tema en B en C die kontrasterende gedeeltes.

'n Voorbeeld van 'n A B A C A vyf-delige rondo is die tweede beweging van Beethoven se Klaviersonate op. 13 in c mineur.

Die sewe-delige rondo se tabel sal soos volg daaruit sien: A B A C A B A - A verteenwoordig die hoof tema en B die kontrasterende gedeelte. Die twee drieledige seksies word deur 'n kontrasterende en dikwels uitgebreide C seksie geskei (episode).

'n Voorbeeld van 'n sewe-delige rondo A B A C A B A is die derde beweging van Beethoven se Klaviersonate, op. 13 in c mineur.

Simfonie no. 3 (Eroica) in E mol op. 55

Allegro con brio - E mol

Marcia funèbre - Adagio assai - c mineur

Scherzo en Trio - Allegro vivace - E mol majeur

Finale - Allegro molto - E mol majeur

Hierdie simfonie is aanvanklik aan Napoleon opgedra, maar toe Beethoven egter hoor dat sy held himself as keiser laat kroon het, het hy die opdrag geskrap en dit vervang met die woorde "Heldesimfonie om die gedagte van 'n groot man te vereer". Hierdie is die tweede instrumentale werk wat met Beethoven se toestemming met 'n titel gepubliseer is.

Met Simfonie no. 3 betree Beethoven 'n keerpunt in sy loopbaan as komponis maar ook in die geskiedenis van musiek. Hierdie simfonie behoort aan die nuwe wêreld en toon tekens van die nuwe tydperk. Die eerste beweging word gekenmerk deur die aaneenskakeling van die tweede tema met die eerste, die invoeging van episodes in die ontwikkelingsgedeelte en die belangrikheid van die koda.

Die tweede beweging bevat die titel 'marcia funèbre' (Dodemars) wat verwys na die oorspronklike titel van die simfonie. Ook 'n vernuwing op die gebied van die simfonie.

Die titel Scherzo, van die derde beweging, word nou vir die eerste keer in 'n simfonie gebruik. In hierdie opgewekte volksliedagtige Scherzo speel Beethoven met dubbelsinnigheid tussen twee- en drieslagmaat. In die trio word die jagmotief deur drie horings, in plaas van twee, gespeel. 'n Verdere vernuwing!

In die vierde beweging, die Finale, vind verder vernuwing plaas. Na 'n vurige

4.

inleiding deur die strykers word die tema met 'n danskarakter, (Beethoven gebruik sy 'Prometheus' - tema) aangekondig waarop elf variasies gebaseer is. Hierdie tema is ook al in ander komposisies gebruik. Eindig met 'n Presto koda.

Simfonie no. 5 in c mineur op. 67

1. Allegro con brio - c mineur - sonatevorm
2. Andante con moto - A mol majeur
3. Scherzo en Trio - Allegro - c mineur en majeur, wat lei na
4. Finale - Allegro - met herhaling van die Trio en 'n Presto einde.

Die eerste beweging is in tradisionele sonatevorm. Die simfonie begin met 'n vier-noot-motief, drie kort note van gelykstaande waarde gevolg deur 'n langer noot, ongetwyfeld die bekendste in simfoniese musiek. Die verduideliking wat Beethoven gegee het vir die vier note was: 'So klop die noodlot aan die deur'. Die simfonie is gekomponeer toe Beethoven verneem het dat hy begin doof word. Met die ritme van die eerste motief, toonaard- en harmoniese veranderinge, maar met die melodie op die agtergrond het Beethoven 'n dramatiese eerste tema, geskep. Hierdie tema oorheers die eerste beweging en speel ook 'n belangrike rol in die res van die simfonie. Die eerste beweging eindig met 'n uitgebreide koda.

Die tweede beweging is lirie van aard en stadiger, in die kontrasterende toonaard van A mol majeur en in dubbele variasievorm. 'n Pragtige melodie in die tjello's lui die beweging in. Die tweede tema word gespeel deur die blasers. Die 'noodlotsmotief' van die eerste beweging kom weer voor. Beethoven hanteer sy temas met uitsonderlike vryheid en fantasie.

Die derde beweging is in drieledige vorm, bestaande uit 'n Scherzo en Trio. Die Scherzo begin met 'n gebroke akkoord tema wat deur die tjello's en kontrabasse in 'n lae register gespeel word. Die tema word oorheers deur die ritmiese patroon van drie kort note en een lang noot, dus die 'noodlotsmotief'. Die Trio is in C majeur en in 'n kontrapuntale styl. Na die Trio word die Scherzo herhaal en teen die einde volg 'n onheilspellende poukegeroffel wat lei tot 'n geweldige crescendo wat direk oorgaan tot die Finale. Hierdie oorgangspassasie na die vierde beweging word beskou as een van die mees indrukwekkende oorgangspassasies.

Die vierde beweging is in C majeur en is gekomponeer in 'n uitsonderlike variasie van sonatevorm en eindig met 'n besondere lang koda waarin die hoof temas van die beweging in oorvleueling voorkom. Die skuiftrompet in hierdie beweging word vir die eerste keer in 'n simfonie gebruik.

5.

Simfonie no. 9 (Koraal) in d mineur op. 125

1. Allegro ma non troppo, un poco maestoso - sonatevorm
2. Scherzo: Molto vivace - scherzo and triovorm
3. Adagio molto e cantabile - 'n dubbel variasievorm
4. Finale: Allegro assai - die bekende koraal-finale is soos 'n simfonie binne 'n simfonie.

Die stemming van die eerste beweging kan as stormagtig beskryf word. Teen die agtergrond van die sagte tremolo's van die strykers word die eerste tema in al sy forsheid in maat 16 deur die orkes aangekondig. Die tweede tema wat deur die klarinet gespeel word is in kontras met die eerste. In die inleiding kom die gebruik van die mediant tonika verwantskap voor en in die koda die chromatiese kwart interval.

Die tweede beweging ook in d mineur, toon ooreenkomste met die openings-tema van die eerste beweging. Alhoewel dit in drieledige vorm is soos 'n dansbeweging (scherzo-trio-scherzo), het die scherzo 'n uitgebreide struktuur soos 'n volledige sonate. Die scherzo bevat 'n fugale skryfwyse en eindig met 'n kort koda. Die kontrasterende trio gedeelte is in D majeur en in tweeslagmaat. In die trio gedeelte speel die skuiftrompette vir die eerste keer in hierdie beweging. Na die trio, verskyn die scherzo sonder enige herhaling en die beweging word afgesluit met 'n koda.

Die derde beweging (B mol majeur) is liries van aard, stadig en in dubbel variasievorm. Die variasies word van mekaar geskei deur episodes. Die finale variasies word twee keer onderbreek deur episodes terwyl die orkes luide fanfares speel. 'n Prominente horing solo is ook ingesluit. Die skuiftrompette word nie in hierdie beweging gehoor nie.

Die vierde beweging, die gewilde koraal-finale, is soos 'n simfonie binne 'n simfonie, gespeel sonder onderbrekings. Dit is op dieselfde struktuur as die van die negende simfonie. Die skema is soos volg:

Eerste 'beweging' - tema en variasies met 'n stadige inleiding.

Tweede 'beweging' - scherzo in 'n militêre styl. Dit eindig met 'n variasie van die hooftema deur koor.

Derde 'beweging' - stadige meditasie met 'n nuwe tema.

Vierde 'beweging' - fugale finale gebaseer op die temas van die eerste en derde 'bewegings'. Dan kom die koraalmelodie wat Beethoven geskryf het vir Schiller se 'Ode an die Freude' (Ode to Joy). Die toonsetting van hierdie gedig is vir volle koor en vier soliste en stel besondere eise aan die menslike stem.

6.

Die Negende Simfonie word feitlik universeel beskou as een van Beethoven se grootste werke. Baie komponiste van die Romantiese periode en daarna was beïnvloed deur Beethoven se Negende Simfonie.

Stylkenmerke met betrekking tot die simfonieë van Beethoven

Beethoven het nie die Klassieke vorms verwerp nie maar dit uitgebrei. Alhoewel hy meer vryhede ingesluit het soos die gebruikmaking van die menslike stem (simfonie no. 9) bly sy werk sterk vormgebonden. Voorheen was die simfonie 'n siklus van kontrasterende bewegings maar in die hande van Beethoven het dit die vorm van 'n gevoelsprogram verkry wat herinner aan die kronologiese opvolging van gebeure soos gevind in die letterkunde.

In Beethoven se simfonieë het die ontwikkelingsgedeelte die siel van die werk geword. Dit is bewerkstellig deur die ontwikkelingsgedeelte nie net langer te maak nie maar ook meer gestruktureerd. Byvoorbeeld, die baie lang ontwikkelingsgedeelte van die Eroica simfonie is verdeel in vier min of meer gelyke dele om sodoende 'n sonate binne 'n sonate te bewerkstellig.

'n Verdere kenmerk van Beethoven se simfonieë is die oormatige gebruik van kragtige, beklemtoonde en strak ritmiese patrone in sy temas en motiewe. Sommiges is meer ritmies as melodies byvoorbeeld die wat in die eerste bewegings van simfonieë no. 3, 5 en 9 voorkom.

Voor Beethoven was dit nie die gebruik om 'n enkele motief in elke beweging van 'n simfonie te laat verskyn nie. In die eerste beweging van simfonie no. 5 kom die treffende motief wat aan die begin aangekondig word, in verskeie vorme, in al vier van die bewegings voor. Dit is die eerste belangrike verskyning van 'n sikliese vorm.

Beethoven het die orkes vergroot en die middelregister van die klank laer geskuif na die altviole en die laer registers van die viole en tjellos om sodoende 'n swaarder en donkerder gevoel as die van Haydn en Mozart te verkry.

Beethoven het die skuiftrumpet die eerste keer in sy simfonie no. 5 gebruik.

In die negende simfonie het Beethoven vir die eerste keer 'n koor en vier solo stemme in die vierde beweging gebruik asook uitgebreide fugas - albei ongewoon aan die simfonie.

Beethoven se simfonieë was beplan vir groter orkeste as die van Haydn en Mozart. Hy voeg ook die skuiftrumpet, piccolo en kontrafagot by om groter krag en briljantheid te verkry.

Elke simfonie van Beethoven het 'n unieke karakter en styl. Dit is interessant dat die gelyke nommers (2, 4, 6 en 8) oor die algemeen van 'n rustige en byna kommerlose aard is in vergelyking met die ongelykes (3, 5, 7, 9) wat intens dramaties is en in groot mate die vernuwende elemente bevat.

7.

In die finale van die Negende simfonie gebruik Beethoven a koor en vier solostemme.

Beethoven was 'n revolusionêre kunstenaar in 'n revolusionêre periode.

3. ROMANTIEK

Die **kenmerke** van die Lied ten opsigte van die verhouding tussen die **teks en die musiek**, en die verhouding tussen die **stemparty en die klavierbegeleiding**.

Die musiek van die Lied verskil volgens die gevoelsinhoud van die teks. Schubert boots soms 'n bepaalde geluid in sy musiek na, soos in 'Die junge Nonne' (Die jong non) waar die herhaalde geluid van die klok van die klooster in die hoë register van die klavier, nageboots word. Soms bevat die musiek suggestiewe figure om situasies uit te beeld soos in 'Krähe' (Die kraai) word 'n beweging in klank weergegee. Die musiek beskryf in klank die kraai se vlug oor die verwerpte minnaar, waar hy wag om in die sneeu te sterf. Die sirkelbewegings van die kraai word op 'n besondere onheilspellende wyse deur middel van golfbewegings van die melodie, wat in die klaviergedeelte voorkom, weergegee. Schubert het meer as 600 Liedere gekomponeer wat 'n verskeidenheid stemmingtipes insluit. Die vorm van sy Liedere sluit in strofies, gewysigde strofies en deurgekomponeerde Liedere. Sommiges het 'n vrye struktuur soos 'Erlkönig'. 'Gute Nacht' en 'Die Forelle' is in gewysigde strofiese vorm. Dieselfde melodie en begeleiding word vir elke strofe gebruik maar met gevoelsvariasie. Die Liedere is 'n saamgestelde kunsvorm, waar die teks die musiek beïnvloed, en die musiek die gevoelsinhoud van die teks verhoog. Die Lied is in teenstelling met die volkslied wat, in strofiese vorm is en elke vers dus dieselfde melodie en begeleiding het.

Soos daar 'n verwantskap bestaan tussen die teks en die musiek, so is daar ook 'n verwantskap tussen die stemparty en die klavierbegeleiding. Die klavierbegeleiding is baie meer as bloot net 'n begeleiding en vereis 'n artistieke interpretasie, dikwels in dieselfde mate as die stemparty. Sommige Liedere begin met 'n klavierinleiding waarin die stemming van die Lied aangekondig word en dit bevestig ook die basiese ritme en tematiese gedagte. Gedurende die Lied speel die klavier dikwels solo-passasies wat bydra tot die artistieke geheel. Die afsluiting van die Lied deur die klavier is uiters uitdrukkingvol. Soms vind 'n verdubbeling van die melodiese lyn plaas. In die meeste gevalle is die klavierbegeleiding verskillend van die melodie en ewe belangrik. Die kritikus Paul Lang het gesê dit verskaf 'the soil from which the vocal flower grows'.

Schubert het groter betekenis aan die klavierbegeleiding gegee. Soos in 'Gretchen am Spinnrade' het hy die hele Lied tot 'n eenheid gebring deur die herhalende golwende motiewe in die klavierbegeleiding wat in kontras is met die stemparty. Hierdie gebruik kom algemeen in Schubert se Liedere voor. Die stemparty en die begeleiding kan dus nie geskei word nie.

8.

4. 'n Bondige definisie en voorbeelde van komposisies deur komponiste verteenwoordigend van elk van die volgende musiekstyle: Impressionisme, Ekspressionisme, Seriëlisme, Minimalisme, Aleatoriese musiek en Atonale musiek.

Sien Bylaag Graad 6 – 2011

Voorbeelde van komposisies van:

- Impressionisme -** Debussy - 'La mer' (Die see) en 'La cathédral engloute' (Die gesonke katedraal).
- Ekspressionisme -** Schoenberg - Pierrot Lunaire - vir solo stemme en instrumente.
Berg – Wozzek en Lulu – twee operas

Seriëlisme - In seriële musiek word die tradisionele gebruike en metodes van musiekkomposisie soos tonaliteit, melodie, harmonie, ritme en so meer oorboord gegooi en vervang met nuwe metodes en beginsels. Seriëlisme is 'n tegniek van komposisie waarin 'n reeks note ('series') of toonreeks in 'n bepaalde vaste volgorde, soos gekies deur die komponis, gebruik word. Die volgorde bly dieselfde deur die hele werk en vorm die basiese formule-eenheid. Geen noot mag herhaal word nie voordat almal nie verskyn het nie. Een van die belangrikste reekse is die van die twaalftoonstelsel soos deur Schoenberg vasgestel, bestaande uit die twaalf tone van die chromatiese toonleer. Hierdie komposisie-tegniek lei tot toenemende gebruik van dissonansie en atonaliteit

Babbitt - Drie komposisies vir klavier
Stravinsky - 'In Memoriam Dylan Thomas'

- Minimalisme -** Reich - Music for 18 Musicians
Glass - Einstein on the Beach - 'n opera

- Aleatoriese musiek - (toevalsmusiek)** Cage - Music of changes - 'n Klavierstuk
Kagel - 'Sonant' - vir kitaar, harp en slaginstrumente

- Atonale musiek -** Schoenberg - Drie klavierstukke op. 11
Schoenberg - 'Pierrot Lunaire' - vir solo stem en instrumente.

*

*

*